# DIE SKIETLOOD

226e Uitgawe 1 Mei 2024 saam met Koersvas 226

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

URSINUS SE PROLEGOMENA vervolg: Ursinus se argumente vry vertaal met eie kommentaar in blokkies:

SPESIALE VOORWOORD TEN OPSIGTE VAN DIE KATEGESE

e. Tydens ons interaksie met ander mense, is dit van groot belang dat ons die regte standaarde en reëls sal toepas in ons oordeel oor die mense se optredes en standpunte. Die Dekaloog en die Evangelie rus ons toe met die noodsaaklike beginsels wat ons kan begelei in ons beoordeling van mense, woorde en dade. **Matteus 7:15** "*Pas op vir die vals profete. Hulle kom na julle toe in skaapsklere, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe*."; **1 Tessalonisense 5:21** "*maar toets dit alles, behou wat goed is.";* **1 Johannes 4:1** "*Geliefdes, moenie enigeen glo wat sê dat hy die Gees van God het nie, want daar is nou reeds baie vals profete in die wêreld, maar ondersoek elkeen, ondersoek of sy gees van God afkomstig* is."

Dit is derhalwe van groot belang om die Dekaloog en Evangelie goed te ken sodat ons goed kan oordeel.

> **Opmerking**: Kategese rus die mens ook toe vir die interaksie met ander mense. Ons kan nie uit eie denke en oortuiging aanvaar dat ons reg gaan optree nie.

> Ons word geroep om objektiewe standaarde toe te pas tydens ons interaksie met ander. Dit gaan met ander woorde oor die manier waarop ons ander mense behandel, asook die standaarde waarvolgens ons hulle handelinge oordeel.

f. Diegene wat behoorlik gekatkiseer is, is oor die algemeen beter toegerus om preke te hoor en te verstaan. Mense wat sonder agtergrond na diepgaande prediking luister, worstel om iets heilsaam daarin terug te vind. Begrip bevorder diep luister.

> **Opmerking**: Kategese bevorder ook insig. Dit is in die eerste instansie waar van die luister na preke. Ons moet strewe na die vaste spyse van die geloof, tot ons eie opbou.

g. Kategese is veral afgestem op diegene wat nog bevatlik is vir kort en bondige argumente. Weens hulle ontwikkeling is hulle nog nie almal by magte om lang en komplekse argumente te volg nie. Kort en eenvoudige kategetiese lesse berei die mens voor vir diepgang later in sy lewe. Swakheid en klein kapasiteit beteken nie onopleibaarheid nie, dit roep net vir klein, maar sterk boustene om latere begrip moontlik te maak.

**Opmerking**: In sy aard is kategese 'n sistematiese opbou van begrip en geloof. Dit beteken dat geduld en klein boustene soms nodig is. Nie alle mense ontwikkel ewe vinnig nie. Met geduld en klein treë kan 'n lang pad aangedurf word.

h. Die jeug kan deur goeie kategese bemagtig word om staande te bly teen die aanslae van ketters en heidene.

**Opmerking**: Ons moet weet dat die aanslae teen ons geloof nie in hierdie bedeling tot 'n einde gaan kom nie. Om vas te staan by die suiwer leer, moet die suiwer leer gevestig wees in alle gelowiges. Geloof word van buite deur heidene bevraagteken, en van binne deur dwaalleer ondergrawe.

i. Kategese is belangrik vir diegene wat ander gaan oplei. Dit is belangrik om die leerstukke te kan verstaan en in jou denke te orden, dan is jy voorbereid om ander op te lei.

**Opmerking**: Kennis is nie net tot jou eie voordeel nie. Hoe beter jou kennis, hoe beter die kans dat jy ander ook gaan kan oplei in die suiwer leer.

Daar is vele ander redes wat gegee kan word, soos die verband wat daar is tussen ons fases van bestaan (faseologie) en die doel met die skepping. Ursinus is van oortuiging dat bogenoemde redes genoegsaam is om enige leser van die noodsaak van kategese te oortuig.

5. WAT IS DIE BEDOELING MET DIE KATEGESE EN DIE LEER VAN DIE KERK?

Die kategese het ten doel om ons lewens vervuld te maak en ons in ons verlossing te hou (God verlos, kategese leer ons hierdie waarheid). Ons verlossing impliseer die deelname aan die hoogste van dit wat goed is. Ons rustige lewens bestaan uit die waarborge van saligheid wat ons lei na die ewige lewe in heerlikheid. Kategese wil ons versterk teen ellende en smart.

**Opmerking**: Kategese het met ander woorde baie meer in die oog as bloot die oordra van kennis. Die oordra van die regte kennis en gesindheid lei daartoe dat die mens 'n bestaan vol Ware vreugde kan geniet.

Hiermee dan die basiese beginsels van Ursinus se Prolegomena. Die September uitgawe van Die Skietlood begin met kommentaar op die inhoudelike van die Heidelbergse Kategismus.